

Warrington skep monumente vir mense

2012-02-27 04:41

Elmarie Rautenbach

Nee kwit, nou moet jy asseblief verduidelik: Wat is 'n woordboom?

Die plan is om mense tydens my boekbekendstelling by die Woordfees te vra om hul eie stories, herinneringe of hulde wat hulle wil bring, op linte te skryf en dit dan in die bome op die Woordfees-gronde vas te knoop. 'n Visuele verteenwoordiging van mense se stories, maar ook iets wat mense kan dóén. Yoko Ono het 'n soortgelyke projek, 'n wensboom, in New York begin.

Intussen versamel ek reeds stories via my blogs en Facebook wat ek met my foto's wil kombineer en tydens die bekendstelling met 'n projektor wil wys.

Wat wil jy daarmee bereik?

Ek is mal oor openbare kuns en die impak wat dit op niksvermoedende mense het. Dit vat kuns, en in my geval teks, uit stywe galerye uit na straatvlak en bereik sodoende baie meer mense. Op hierdie manier word my lesers ook deel van iets groter as net die lees van my boek; dit word 'n uitruiltransaksie tussen my en hulle.

Jou eerstelingroman, Oktober, verskyn binnekort by Protea. Ek hoor jy het in die aanloop tot die publikasie daarvan dikwels met mense gesels via jou LitNet-blog.

Ek het aanvanklik in 2009 begin blog omdat dit iets nuuts was om te probeer. Die onmiddellike terugvoer was fantasties, en aangesien die meeste inskrywings anoniem is, was dit ook eerlik.

So twee jaar terug het ek wel 'n plan beraam om my blog meer doelgerig te gebruik. Oktober moet die lig sien, het ek een Oujaar besluit, en as geen uitgewer die kans daarmee wil vat nie, sal ek selfs self publiseer. (Of fotostateer en uitdeel!)

Sonder die ondersteuning van 'n uitgewer moet jy egter self bemark. Dit is waar die blogs ingekom het. Jy moet 'n openbare profiel opbou. Ek het gelyktydig op LitNet Blogs en One Small Seed geblog, vir omtrent drie jaar filmresensies vir LitNet geskryf en einde verlede jaar vir [www. sarie.com](http://www.sarie.com) begin resenseer.

Noudat ek met Protea geteken het, is die reeds bestaande profiel 'n bonus.

Vertel meer van jou roman. Dit word deur Protea beskryf as 'n "liefdesverhaal vir die 21ste eeu".

Oktober gaan oor 'n liefdesverhouding tussen Jo, 'n Johannesburgse fotograaf, en Leigh, 'n Amerikaanse sangeres. Weens albei se bagasie begin hulle 'n verhouding met 'n baie definitiewe vervaldatum.

Is jou roman geskryf in die tradisie van 'n lesbiese roman; trouens, dink jy daar is iets soos 'n

“lesbiese roman” in Afrikaans?

Ek dink nie Oktober is 'n lesbiese roman nie. Ja, daar is 'n lesbiese verhouding in die boek, maar Jo is meer as net 'n vrou wat verlief raak op 'n vrou. Sy is 'n tannie wat alles sal gee om haar susterskinders weer vas te hou, 'n dogter wat kyk hoe vou haar ma onder hartseer en 'n suster wat nie weet hoe lank haar broer se gebroke lyf gaan hou nie.

Ek dink wel ons het meer romans met positiewe gay of lesbiese rolmodelle nodig. Daar is wêreldwyd gay tieners wat deurloop onder klasmaats, wat nie die druk kan hanteer nie en dan hul eie lewe neem.

Jy hou ook 'n fototentoonstelling op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees.

Ek is deel van die groepuitstalling Ik ben een Afrikander. My werk, het ek onlangs eers agtergekom toe 'n kurator vir my gevra het om daaroor te skryf, gaan oor die persoonlike, die private. Ek bou monumente vir mense – mense wat belangrik is vir my, of mense wat ek mis.

Aanvanklik het hierdie “monumente” die vorm aangeneem van leë ruimtes. Ek het byvoorbeeld die leë agterplaas afgeneem waar my susterskinders eens gespeel het (Family Affair Vol I), die rehabilitasiesentrum waar my pa herstel het (Rehab) en die leë wagkamer van die hospitaal waar my tannie oordele is.

Onlangs het ek begin om teks en fotografie te kombineer. Vir Ik ben een Afrikander het ek byvoorbeeld 'n portret van my vrou geneem en gekombineer met die 2009-HAT se verklarings van “liefde” en “huwelik”. Ja, dis in 'n mate 'n proteswerk aangesien die twee woorde in terme van “man en vrou” verklaar word, maar vir my is dit meer 'n monument vir my en haar.

- Die Burger